# Boesmanskloof 2022

| ROETE: | Greyton na Die Galg en terug | DATUM: | 10-11 September 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam 16 van ons kom die Vrydagaand by die Ecolodge (ou skoolkoshuis wat in backpackers omskep is) bymekaar om die Saterdag te begin stap aan die Greyton-McGregor tweedagstap. 'n Klompie van ons gaan verken die dorp en eet heerlike pizzas by Fiore terwyl die ander kos maak in die backpackers se kombuis. Daarna is dit 'n geskarrel om alles reg te kry vir die volgende dag se stap. Net voor ons begin stap, kry Elana Swart nuus dat dit baie sleg gaan met haar pa se gesondheid en sy besluit om liewer van die stap te onttrek. Ons pak toe die lang-lang opdraand aan tot by Breakfast Rock waar ons iets een voor ons die laaste deel van die bult aanpak. Soos mens afsak in Boesmanskloof sien jy ook die bome in die verte wat die oornagpunt aandui en jy weet daar lê baie swoeg en sweet voor tussen die nekkie waarop ons staan en die een waar ons later moet uit. Ons stap aan tot by die swemgat waar ons vir middagete stop en waar 'n paar dapperes swem. Na die swemgat bly die paadjie deur die kloof kronkel tot waar ons links met trappies begin opklim om weer uit die kloof te kom (eish, bietjie meer trappies as wat ons onthou het van die vorige keer). Dan kom mens uit op die ou pas wat van McGregor tot by Greyton sou loop maar nooit voltooi is nie. Ons bly in drie goed toegeruste en pragtige huisies op die Oosthuizens se plaas en ons braai lekker. Ons besluit om die volgende oggend vroeg in die pad te val want daar is warm weer voorspel (gelukkig het daar 'n bietjie wind gewaai wat ons afgekoel het). Die vorige dag se afdraande is vandag se bulte, maar uiteindelik is ons weer op die nekkie en toe is dit afdraand al die pad tot onder in die dorp waar Abrie vir ons inwag met yskoue Coke. Ons stap terug tot by die Ecolodge en vat die pad Kaap toe. Baie dankie aan Abrie Marais en Werner Booyens vir die stapleiding en aan Amanda Matthee vir die stapreëlings. Klimhoogte: 917 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 2022015 | R 10 | 32 | |
| Abrie Marais | 2022035 | R 10 | 16 | Het nie dag 2 gestap nie |
| Matilda le Roux | 2022046 | R 10 | 32 | |
| Estelle Zietsman | 2022018 | R 10 | 32 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 10 | 32 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 10 | 32 | |
| Elana Swart | 2022022 | R 10 | 0 | Het voor stap onttrek |
| Elza Geldenhuys | 2022085 | R 10 | 32 | |
| Gerna Hough | 2022101 | R 10 | 32 | |
| Helen Kriel | 2022053 | R 10 | 32 | |
| Hendrien van Zyl | Besoeker | R 20 | 32 | |
| Mahanda Bence | 2022028 | R 10 | 32 | |
| Santie Kies | 2022072 | R 10 | 32 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 10 | 32 | |
| Netarie Verwey | 2022105 | R 20 | 32 | Lid sedert Julie! |
| Riana Arangies | Besoeker | R 20 | 32 | |
| | | | | |
| | TOTALE: | **R 190** | **464** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|